

Die Heilige Gees neem beheer van jou lewe (Vervul met die Gees)

Die Heilige Gees neem beheer van jou lewe (Vervul met die Gees)

God het sy Heilige Gees vir elke gelowige gegee. Daarom word gelowiges die tempels van God genoem – omdat die Heilige Gees in hulle bly (1 Korintiërs 3:16).

In Handeling 2 lees ons hoe die Gees op mense gekom het en hulle vervul het (Handeling 2:4). Die vervulling beteken dat hulle nou mense is in wie die Gees woon en werk. Hulle is vol van sy Gees. Daar word op baie maniere gepraat oor wat gebeur as die Gees in jou kom woon. In sommige gevalle ervaar mense die wonderlikste dinge (veral aanvanklik in Handeling 2), in ander gevalle gee die Gees hulle gawes en in ander gevalle kry hulle wysheid om reg op te tree. Die Gees gee hulle dus die krag om op verskillende vlakke die Here reg te dien.

In Galasiërs 5:16-26 (sien ook Romeine 8) sê Paulus dat ons ons hele lewe deur die Gees moet laat beheer. Ons moet die stuurwiel van ons lewe in sy hande sit, want Hy is in ons. As ons dit doen, sal ons die vrug van die Gees, naamlik, liefde, vriendelikheid, goedheid en sulke dinge, in ons lewens begin sien. Hy sal ons dus lei om reg op te tree. So maak die Gees ons lewens “vol” van sy invloed.

In 1 Korintiërs 12 (sien ook Romeine 12) bespreek Paulus al die wonderlike geskenke wat God deur sy Gees vir ons gee. Wat ons as gelowiges geestelik nodig het, daarvoor sorg die Gees. Weereens maak Hy gelowiges se lewens “vol” van sy teenwoordigheid.

In Johannes 14-16 word die Gees gelowiges se Spesiale Helper

genoem. Hy sal gelowiges versorg, hulle lei op die pad wat hulle moet loop en hulle goeie volgelinge van Jesus maak. So wil die Gees elke hoekie en draaitjie van 'n gelowige se lewe vul.

Vervulling is dus baie meer as net 'n emosionele ervaring. Dit is God se Gees wat aktief in jou werk om beheer in jou lewe uit te oefen.

Boek: *Geloof in Aksie-Bybel*

Skrywers: [Prof Jan van der Watt](#), [Dr Stephan Joubert](#), [Dr Johan Smith](#)

Uitgewers: [Christelike Uitgewers Maatskappy](#)